Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Maatskaplikewerkteorie 110 (MWT 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Geesteswetenskappe
Modulekrediete	12.00
Programme	BA
	BA Tale
	BA Verlengde program
	BSW Maatskaplike Werk
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Deel 1: Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk
Die oorsprong en aard van maatskaplike welsyn en maatskaplike werk vanuit ‘n nasionale en internasionale perspektief. Sosio-ekonomiese probleme, teikengroepe, spesialiteitsterreine, intervensievlakke (individuele, gesins-, groep- en gemeenskapsvlak), diensverskaffers en rolspelers in die Suid-Afrikaanse konteks. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn; die beginsels, waardes, doel en funksies van maatskaplike werk in ’n ontwikkelingsgerigte perspektief. Kultureel-sensitiewe maatskaplikewerkpraktyk.
Deel 2: Maatskaplikewerkintervensie: Gemeenskap
Aard en kenmerke van maatskaplikewerkintervensie met gemeenskappe; verkenning van die komponente van gemeenskappe en gemeenskapswerk; die waarde van die ekosistemiese en sterkteperspektief teorie in gemeenskaps¬werk; samestelling van ’n gemeenskapsprofiel en die beginsels van maatskaplikewerkdienste aan gemeenskappe om gemeenskapsmobilisering en -deelname te bevorder.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.